

6 Februarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:20-28

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:26

Geloofskeuse téén wêreldse aansien en rykdom

Ons kom daaglik voor kruispaaie te staan en ons moet soms belangrike keuses maak. Die moeilikste is egter waar dit lyk of albei paaie reg is en tot voordeel van God se koninkryk gekies kan word.

Moses het bewus geword dat hy 'n Israeliet is, maar ook dat hy 'n bevoorregte in die farao se paleis is. As aangenome kind van die prinses was hy op baie luukshede geregtig, asook op hoë aansien. Hy sou selfs vir die volk van God baie kon beteken in daardie binnekring-posisie.

Maar Hy het anders gekies. Hy het die bespote, miskende slawevolke van God gekies waar geen ereposisie was nie. Hy kon nie nee sê toe hy van sy roeping deur God bewus geword het nie. Dan sou dit sonde wees – ongehoorsaamheid aan God.

Hy kies vir Christus, want uit Israel sou die Verlosser gebore word. Die smaad van die volk was die smaad van Christus. Daarmee het Moses hom vereenselwig. Hy het die korttermyn voordeel verwerp. Die ewige seëninge van God het deurslag gegee.

Is ons keuses by die werk en tussen ons vriende – vir of teen geldelike voordele – nie soms net so moeilik nie? Ons bedoeling is om God te dien, maar diep binnekant weet ons dat die moeiliker keuse die regte keuse is. Dáár waar jy ter wille van Christus gesmaad sal word en selfs materiële opofferings moet maak – daar moet jy reg kies, anders is dit sonde en ongehoorsaamheid.

Kies in gehoorsaamheid om deel van sy koninkryk te wees. Daarmee het jy sekerheid van ewige inwoning in sy nuwe Jerusalem – 'n ewige genadeloon.

Sing: Psalm 106:7,9

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)